Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Onder die kapitalistiese stelsel is die verhouding van arbeidsprestasie en -beloning as volg: Aan die werker so min as moontlik, van die werker die laaste asemtog.*

# Die O.B.

*Onder die gesagstaat van die Ossewabrandwag sal daardie verhouding as volg wees: Aan elk na gelang van sy behoeftes, van elk namate sy bekwaamheid.*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 1 DESEMBER 1943. No. 4.

## SWAK BEHANDELING VAN SOLDATE

### Ongerief Geen Oorweging

Groot ontevredenheid heers onder soldate in die algemeen oor die swak behandeling wat hulle ondervind. Dit is nie net die moeilikheid wat hul gesinne ondervind om onderdak te vind solank die manne dikwels buite die landsgrense oorlogsdiens doen nie, maar daar word gevoel dat binne die leër nie alles gedoen word om die soldaat vir sy opofferings te vergoed nie. So gebeur dit by voorbeeld dat manne van die ingenieurskorps beveel word om binne 'n paar uur na 'n ander plek te haas vir die herstel van die een of ander krygstuig. **Soms word hulle spesiaal per vliegtuig van Pretoria na Kaapstad gestuur vir die een of ander „dringende" herstelwerk. In Kaapstad aangekom, moet hulle dan 'n week ronddrentel voordat die dringende werk aangepak word. Dan gebeur dit nog dat die man skoon verslae is om te sien wat 'n kleinigheid die geweldige organisasie genoodsaak het. Vir sy terugkeer word daar egter glad nie so geredelik gesorg nie. Hy moet soms 'n week en langer vertoef nadat hy sy taak afgehandel het voordat hy terug besorg word.**

Gevoel word in soldate-kringe dat hierdie optrede nie net aan hopelose ondoeltreffendheid in die Departement toegeskryf moet word nie, maar ook aan 'n onverskilligheid van die kant van die kapitalistiese bewind jeens die soldaat. **As die man eers eenmaal in hul hande is, gee hulle nie om hoe hulle hom misbruik nie. Wat vir hom wag as hy later op straat gegooi word met dieselfde kapitaliste nog aan bewind, is dinge wat die soldaat nou reeds diep verontrus.**

## DRINGENDE VERSOEK OP UITNODIGING

### Aan Die Kruithoring

In sy uitgawe van 24 November bring Die Kruithoring, strydblad van die H.N.P., o.a. die volgende beskuldiging in teen die Ossewabrandwag:

„Daar is 'n hooggeplaaste O.B.-„offisier" wat eenkeer in sy opgeblasenheid gedreig het dat hy een van ons groot moedertaalskole sal laat leegloop tensy daardie skool, naas die Voortrekkers, ook fasiliteite verskaf vir een of ander O.B.-jeugbeweging. Hierdie is geen losse bewering nie."

Van tyd tot tyd word die wildste beskuldigings en lasterlikste bewerings teen O.B.-offisiere gedoen. Hoofkwartier van die O.B. het in hierdie geval die Redakteur van Die Kruithoring, waarvan dr. D. F. Malan, adv. Erasmus en dr. Bremer (laasgenoemde tot onlangs), die direkteure is, genader en hom gevra: (1) om die naam van die offisier te noem, en (2) die naam van die persoon wat hom daardie inligting verskaf het. Die Redakteur het geweier maar bygevoeg dat hy „negentig persent" bereid sou wees dit deur middel van Die Kruithoring te doen indien Die O.B. as orgaan hom die vraag in die openbaar stel. **Die Redakteur van die O.B. doen dit nou en vra wie is daardie offisier en wie het die inligting verskaf?**

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

# Nasionalisme en Sosialisme het Mekaar die Hand Gegee

**„Kapitalisme is die doodvyand van sowel nasionalisme as sosialisme. Solank as hy die twee strome uitmekaar hou, kan hy die een afspeel teen die ander. Die dag wanneer die twee mekaar die hand gee, is die uur van die kapitalisme ook in Suid-Afrika getel, en binne die Ossewabrandwag het hulle mekaar die hand gegee," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, by geleentheid van 'n funksie ten behoewe van die Noodhulpfonds in Pretoria verklaar. Die Kommandant-generaal het gepraat na aanleiding van die geskiedkundige beleidsverklaring wat deur die Grootraad uitgevaardig is en in ons vorige uitgawe verskyn het.**

„Ons is fanaties nasionaal, maar ons wil nie ons volk afskeep met 'n nasionalisme wat net teer op die verlede en met mooi gedigte spog en verder die hongerlydende vrou en kind net troos met die versekering dat hulle van Geus en Hugenoot afstam nie. **Die arm Afrikaner wil nie getroos wees nie, maar gered word,"** het die K.G. gesê. Hy moet gered word uit die kloue van die uitbuiters wat in hom nie 'n mens sien nie, maar net 'n arbeidskrag wat so goedkoop moontlik gehuur moet word om werk te verrig wat dan so duur moontlik verkoop word. „Koop in die goedkoopste mark en verkoop in die duurste," lui die geloofsbelydenis van die kapitalisme. As kafferarbeid vir die myne winsgewender is as blanke arbeid, dan neem hulle meer kaffers en minder blankes. Dink maar aan die staking en ellende van 1922. En as Sjinese koelies goedkoper is as kaffers, dan neem hulle meer Sjinese en minder kaffers. Dink maar aan 1904-1907. En as Indiese koelies goedkoper kan suikerplantasies bewerk as Zoeloes, word hulle by die skeepsladings ingevoer ongeag wat die vraagstukke daarna vir die Afrikanerdom sal wees. **Daarom sê ons dat 'n nasionalisme wat nie die sosialistiese verpligtings teenoor die arbeidende volksgenoot aanvaar nie, nie in die nuwe staat van die Ossewabrandwag pas nie. Dat die Ossewabrandwag dit ernstig meen met sy sosiale versorging, bewys die £33,000 wat hy in twintig maande bestee het aan leniging van stoflike nood van vroue en kinders wie se broodwinners in die kampe en tronke sit.** Dit het hy gedoen nie net **sonder** die staat en die pers van sowel opposisie as regering nie, maar selfs met hul bittere teenkanting.

PAAIBOELIE

Jarelank was die blote woord „sosialisme" vir die Afrikaner 'n paaiboelie. Dit was juis met 'n beroep op hierdie ingewortelde vrees dat die mynbase en hul handlanger-regerings plattelandse Afrikaners, goed nasionaalgesind, gekry het om Afrikanermynwerkers ook goed nasionaalgesind, by verskillende geleenthede op die Rand te kom skiet. **Aan die Afrikanerboer was vertel dat dit „sosialiste" is wat hy skiet, maar die lyke wat op straat gelê het was die lyke van manne wat maar 'n paar jaar tevore self plattelandse Afrikaners was; en hul treurende weduwees en weeskinders was lede van die Afrikanervolk, lidmate van die Afrikanerkerke, nasate van Geus en Hugenoot. Jarelank het hulle ons met 'n woord oploop gesit. Vandag sal hulle dit nie meer regkry nie. Die hele beskawing staan onder die teken van die sosialistiese eeu, hetsy nasionaal of anti-nasionaal maar in ieder geval sosialisties. En weg van die tyd kan geen volk vlug nie.**

Laat ons tog nie die spel van die vyand speel nie. Kapitalisme is die doodvyand van sowel nasionalisme as sosialisme. Solank as hy die twee strome uitmekaar kan hou, kan hy die een afspeel teen die ander, en die een goeie Afrikaner afspeel teen die ander goeie Afrikaner. Die dag wanneer die twee mekaar die hand gee, is die uur van die kapitalisme ook in Suid-Afrika getel!

**Geagte volksgenote, in die Ossewabrandwag het hulle mekaar die hand gegee** — die nasionalisme en die sosialisme, die hand gegee vir alle toekoms. Nie die sosialisme van Moskou, beliggaam in die internasionale Jood, Karl Marx, nie. Die internasionale sosialisme is net so sielloos as die kapitalisme. **Trouens dit is niks meer as staatskapitalisme nie. Nie die internasionale sosialisme van die Kommuniste nie, dog die sosialisme van ons eie Christelik-nasionale Afrikanerdom, beliggaam in ons volksgenote, die Afrikanerwerker en -werkster.** Die sosialisme wat met 'n ongeveinsde „Ja" antwoord op die vraag: „Is ek dan die wagter van my broer?" Oral waar die Afrikanerman, en die Afrikanervrou en meisie swoeg om hul daaglikse brood; in die myne, in die fabrieke, in die winkels, in die kantore, op die plase — daar soek die Ossewabrandwag hom en haar en sê: „My broer, my suster".

WIL NIE AFROKKEL

**En waar die arbeider in sy vakunies georganiseer is, daar wil ons hom nie afrokkel nie. Maar ons sê: „skakel met iets groter en sterker, sowel as met jou vakunie. Skakel met jou volk. En as jy dit doen sal die dag kom, wanneer jou krag lê nie net in jou partikuliere vakunie nie, dog in die Arbeidsfront van die Afrikanerdom.**

(Vervolg op bls. 2, kol 4)

## HOOGSTE LOONKERF 'N GEVAAR

### Uitbuiting van Werkers

Kapitalistiese werkgewers het soms „oulike" dog gewetenlose metodes om hulself te beskerm teen loonooreenkomste of wetgewing. So gebeur dit dat hulle mense in diens neem volgens 'n bepaalde loonskaal. **Alles gaan goed totdat daardie persoon sy hoogste kerf bereik. Dan word hy in kennis gestel dat sy betrekking afgeskaf moet word met die oog op „reorganisasie" van die besigheid.** Hy kry dan sy ontslag omdat sy dienste oorbodig sou wees. **Net die volgende dag egter word 'n nuwe persoon aangestel wat weer onder op die skaal begin, en dus vir die onderneming heelwat aan lone bespaar.** So het dit by voorbeeld nog onlangs in 'n groot besigheid gebeur dat 'n man wat sy hoogste kerf van £30 bereik het na jare diens, sy ontslag gekry het. As rede is aangevoer dat die firma moet bespaar met die oog op herindiensneming van soldate en daarom die betrokke pos moet afskaf. Met „leedwese" is van die getroue werker afskeid geneem en die volgende dag is 'n nuweling aangestel teen 'n salaris van £16. Sy enigste sonde was dat hy 'n menswaardige lewenspeil bereik het, terwyl daar ander was wat goedkoper dienste kon lewer.

## BARBERTON GEESDRIFTIG

In 'n brief waarin hulle dank uitspreek aan hul Brandwagte, verklaar die kommandant en kommandante van Barberton dat die kommando as gevolg van die bewonderenswaardige opoffering en vurige geesdrif van sy lede die groot bedrag van £106-5-0 op sy funksie van 31 Julie kon insamel. Die gees van die Volksbeweging het uitgestraal in die selflose toewyding van alle Brandwagte wat persoonlike belange eenvoudig op die agtergrond geskuif het.

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.



drosdy die rypste tabak bekend.

TABAK IS IN OU WYNVATE BELEË

120 Takke 49,000 Lede **AVBOB** Reserwe-fonds £144,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie,*
*doen dit tog dadelik!*
*MÔRE MAG TE LAAT WEES*

**GENERAAL J. B. M. HERTZOG**

*'n Lewensgeskiedenis*

deur

C. M. van den HEEVER

*

Verskyn Eersdaags

*

Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame foto's op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!

**HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT**

**Prys £1-2-6**
EN POSGELD 1/6

Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontant-bestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.

**DIE OPLAAG IS BEPERK**

*

**AFRIKAANSE PERS BEPERK**
Posbus 845. Johannesburg.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# *Ons Minerale-Rykdom Behoort Aan Die Hele Volk*

**D.L. 12/43.**

Iedereen weet dat Suid-Afrika ryk is aan minerale. Ons mineraleproduksie per hoof van die bevolking is hoër as in enige ander land. Immers, geoordeel na die mate waarin ons goudmynen ander myndiwidende aan die buiteland uitbetaal word, is die kapitalis in Londen en New York meer bewus van ons bodemrykdomme as ons volk self.

Ongelukkig het die liberalisties-kapitalistiese stelsel waaronder ons volk gebuk moes gaan, meegebring dat elke Jan Rap en sy maat na willekeur op hierdie bodemrykdomme kon aas sonder om die algemene volksbelang in ag te neem. Die rykdomme van die land is vir eie selfsugtige belange uitgebuit.

Die O.B. beskou egter ons vaderlandsbodem às die enigste voedings- en welvaartsbron van ons volk, en daarom beskou ons ook die minerale rykdomme wat ons vaderlandsbodem in sy skoot dra, as 'n volksbesit en kan die enkeling geen reg daarop hê nie, allermins uitlandse geldwolwe. **In die lig van die O.B. se sosiale belydenis is dit vanselfsprekend dat hy ook 'n voorstander sal wees van die SOSIALISASIE van eiendom in minerale rykdomme, en die ontginning daarvan onder staatsbeheer.**

Dit is alleen wanneer die volk as geheel besit neem van die minerale rykdomme in sy vaderlandsbodem en die beheer oor die ontginning daarvan aan sy staatsgesag toevertrou, dat verseker kan word dat 'n bestendige produksie vir die langs moontlike tydperk in stand gehou sal kan word. Die O.B. dink nie net aan die geslagte van vandag nie, maar ook en veral aan die geslagte van môre. Hoe langer die rykdomme as 'n bron van volkswelvaart kan dien, hoe beter vir die geslagte wat nog moet kom.

Deur die sosialisasie van mineraleregte sal ook verhoed kan word dat ander volkere ten koste van die eie volk verryk word deur die onoordeelkundige uitvoer van minerale, soos maar te dikwels in die verlede die geval was en tans nog gebeur. Daar is by voorbeeld mangaanerts, kookssteenkool en chroomerts, die uitvoer waarvan deur besonder lae spoorwegtariewe en ander begunstiginge aangemoedig word, terwyl dit belangrike produkte is vir ons eie metaalbedryf wat nog op verre na nie sy regmatige ontwikkeling bereik het nie. **Waar dit noodsaaklik blyk moet 'n verbod geplaas kan word op die uitvoer van beperkte bronne wat vir binnelandse ontwikkeling onontbeerlik is. Dit kan slegs gebeur wanneer die staat beheer oor sulke bronne het.** Met die oog hierop sal dit natuurlik noodsaaklik wees om eers 'n noukeurige opname te maak van die omvang van alle mineralebronne in ons land en die aanwendingsmoontlikhede van elkeen.

## „DOODVONNISSE"

Van ons mineralerykdom maak goud natuurlik die belangrikste uit. Suid-Afrika is die grootste goudproduserende land in die wêreld. Die goudbedryr is ons grootste enkele bron van nasionale inkomste (ongeveer 18%) en van staatsinkomste (ongeveer 40%). Verder verteenwoordig goud ongeveer 70% van die waarde van ons uitvoer **Reuse-geldbedrae vloei jaarliks uit die land in die vorm van diwidende op buitelandse beleggings in die goudmyne.** Feitlik die hele ekonomiese lewe van ons land is op die goudbedryf ingerig, terwyl die meer blywende bates soos die landbou en die nywerheidswese verwaarloos is. **Afgesien van die oorwegende rol van die goudbedryf op ekonomiese gebied, moet ons ook nog die deurslaggewende politieke invloed van die Kamer van Mynwese in aanmerking neem. Dit is in hierdie binnekamer van die mynmagnate waar die sogenaamde „volkswil" in al sy demokratiese heerlikheid heers en regeer. Hier word die doodvonnis oor regerings geteken. Slegs die Gesagstaat van die Ossewabrandwag sal hierdie mag kan breek omdat hy met die geldmag gaan afreken.**

Volgens die berekening van deskundiges is ons goud in nog 'n groter mate as ons ander mineralerykdomme 'n verdwynende bate. **Geen vooruitstrewende volk kan daarby berus dat sy hele ekonomiese lewe op 'n verdwynende bate gegrondves bly nie.** Daarom is dit so noodsaaklik dat ons, terwyl ons nog die goud het om te verkoop en terwyl ander lande nog bereid is om dit te koop, **die winste daaruit moet aanwend vir die vestiging van ander nywerhede wat nie alleen uiteindelik die plek van die verdwynende goudbedryf sal inneem nie, maar wat ook nou reeds addisionele bronne van inkomste vir ons volk kan verskaf.** Dit is alleen 'n Gesagstaat wat deur 'n planmatig beheerde volksekonomie so 'n aanpassing kan deurvoer, en dit is ook net 'n Gesagstaat wat ons land van ekonomiese ondergang kan red indien goud skielik sy waarde sou verloor en die fondament van ons huidige ekonomiese lewe daarmee wegval.

Die Afrikanerdom sal dit nie in die minste betreur as ons vir ons volkswelvaart minder afhanklik van die goudbedryf gemaak kan word nie. **Die ongesonde spekulasiegees en gees van gou-ryk-word wat dit in ons land aangewakker het moet plek maak vir 'n besef van die waarde van die bestendige en pligsgetroue arbeid.** Ons volk moet weer besef dat hy sy welvaart alleen kan verhoog deur die getroue arbeid van elke volkslid en nie deur spekulasie op die aandelebeurs nie. Die verdwyning van die goudgees sal per slot van rekening die meeste daartoe bydra om weer 'n nugtere arbeidsbesef by ons volk te laat posvat. Ook sal ons volksgesondheid aansienlik daarby baat as die baie volksgenote wat weens ekonomiese omstandighede genoodsaak word om onder in die myne te gaan werk, in staat gestel word om gesonder arbeid in die vars buitelug te verrig.

Maar waar ons nog nie sonder die myne kan klaarkom nie, sê die Ossewabrandwag by monde van sy Kommandant-generaal: **„In die sosiale staat is die kernvraag nie of die diwidende van dié of daardie myn hoog is nie, maar wel of die mynteringsyfers laag is en die mynwerkers ordentlik behandel word sodat die komende geslagte gesond kan wees."**

---

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)

**Staan by jou volk — dan sal jou volk by jou staan! Een vir almal, almal vir Elkeen. Die dag sal kom!**

As die Nasionale Afrikanerdom hierdie stap nie wil neem nie, omdat hulle bang is vir 'n woord wat gifsuiers sal misbruik, dan is hulle medeskuldig aan die uitlewering van Afrikaner-meisies en Afrikanermans aan 'n anti-christelike en anti-nasionale element wat wel vir sulke kwessies in die bresse sal spring — uitlewering naamlik aan die internasionale kommunisme.

**Ons in die Ossewabrandwag gaan nie vir 'n gebiedend noodsaaklike stap terugdeins nie. Ons veg nie vir 'n woord nie; ons veg nie teen 'n woord nie. Ons veg vir 'n volk en sy voortbestaan en vir brood vir sy kinders in hul enigste vaderland.**

As 'n volk van ietwat meer as een miljoen siele die skadus van oor die 300,000 armblankes oor hom laat val; as die res van die miljoen oorwegend werknemers is, met vreemdelinge as werkgewers; as 'n volk oor die 90% bestaan uit mense wat swaar moet swoeg vir hul daelikse brood — en dit in die rykste goudland wat die aarde ken! — **dan betaam dit sy leiers nie om angsvallig te kibbel oor woorde nie.**

Kortliks kan ons dit so opsom — wat vir die werker en arm man in Suid-Afrika goed is, is vir die Afrikaner goed. En wat vir die Afrikaner goed is, is in Suid-Afrika vir die werker en arm man goed.

Die Ossewabrandwag sien dit in en hy deins nie vir die sprong terug nie. En daarom sê ons: **Die Ossewabrandwag sien die volkspolitieke heil slegs in 'n nasionalisme wat sosiaal is, en in 'n sosialisme wat nasionaal is.**

# TABBERDS!
## GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE



## Belangrike Aankondiging
*PAS VERSKYN*

## Menslike Physiologie (Deel I.)
deur
H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).

553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/- (Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

Pro Ecclesia-Drukkery
Die Laan Stellenbosch



## SASBANK
*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.





Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.

## A.K.G. WEK GEESDRIF OP VERGADERINGS

### Laingsburg Beweeg Weer

Die Organisasieleier, genl. J. A. Smith, het van 15 tot 17 November 'n uiters geslaagde reeks vergaderings op Merweville, Prins Albert en Laingsburg gehou. Die opkomste op al drie plekke was besonder goed en op Prins Albert was daar ook 'n aantal nie-lede teenwoordig van wie sommige besluit het om lid te word. **Veral mense wat voorheen lid van die Verenigde Party was uit drang na eensgesindheid, kom by die aanhoor van die O.B.-standpunt diep onder die indruk van die waaragtige volkseenheid wat opgesluit lê in hierdie Volksbeweginggedagte wat die volksgenoot omhels in plaas van die party-genoot.**

Op Laingsburg, waar die Ossewabrandwag organisatories feitlik dood was, het die Adjunk-K.G. 'n vol saal gehad wat uitgeloop het op die reorganisasie van die kommando. 'n Waarnemende kommandant is aangestel met die nodige offisiere en blykens die geesdrif is die Afrikanervolk nou ook op hierdie plek weer in beweging.

## ARMOEDE GLO GEVOLG VAN ALGEHELE TEKORT

### Kapitaliste se Verdediging Vir Uitbuiting

Ter verdediging van die kapitalistiese uitbuiting verklaar die blad S.A. Industry and Trade dat ,,dit moontlik waar kan wees dat sekere onnodige armoede toegeskryf moet word aan onbillike verdeling van inkomste'', maar dat die eintlike oorsaak die ,,onvoldoende **gesamentlike** inkomste'' is. Daar sal dan glo nie genoeg in die wêreld geproduseer word nie en vandaar die ellende wat daar heers! ,,Tot tyd en wyl ons bronne so ontwikkel word dat hulle meer kan produseer, solank sal daar armoede heers,'' lui die vyeblaar-bedekking.

Voordat die kapitaliste vir ons kan wysmaak dat daar 'n tekort aan produkte is om alle mense 'n gelukkige bestaan te verseker, sal hulle eers moet verduidelik waarom daar in ons land nog elke jaar miljoene sakke lemoene vernietig word, en waarom — in min. Waterson se woorde — daar produkte in sekere lande vernietig word terwyl mense in ander lande behoefte aan daardie produkte het.

As dit dan miskien is omdat die mense se ,,gesamentlike'' inkomstes te laag is om vir die produkte te betaal, waarom word toegelaat dat een man £50,000,000 moet besit om kos en klere mee te koop soos in die geval van E. Ford, by voorbeeld, terwyl soveel miljoene wesens nie die nodige kan bekostig nie? Of om ons eie land as voorbeeld te neem: **waarom kan 99 persone jaarliks £20,000 ontvang om die nodige vir hul tafel en lyf te koop, terwyl veertig persent van die blankes of nagenoeg 1,000,000 mense op dieselfde grondgebied broodsgebrek ly?**

As daar dan werklik 'n tekort aan produkte is, dan word dit soveel te meer noodsaaklik dat die rykes minder kry om te mors en die armes meer om van te lewe. **Solank dit egter nodig is vir ,,beheerrade'' om voedsel te vernietig en solank ministers beroepe op boere doen om minder te produseer, solank kan 'n hongerlydende volk nie wys gemaak word dat sy armoede aan 'n tekort aan middele toegeskryf moet word nie.**


## DE KOCK'se GARAGES

| Foon 110 | Foon 16 |
|---|---|
| Voortrekkerstraat, | Herefordstraat, |
| MIDDELBURG, | GROBLERSDAL, |
| Transvaal. | Transvaal. |

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS ! . . .*

V.M.K. AANBEVEEL.


## *VERJAARDAGKETTING*

**2 Des.:** Love Kapp, P.K. Glenroy, Tvl.; Willem P. J. Swanepoel, Beaufort-Wes; Christie Jones, Malmesbury; Hulda Bezuidenhout, Bellville; Johanna v. d. Merwe, Wellington; Colette Nel, Stellenbosch; Sally Zeeman, Parow; Anna Möller, Paarl. **3 Des.:** Maria Deyssel, Pearston. **4 Des.:** Jannie Stander, George; Alex Westraadt, George; Hendrik W. Myburgh, Merweville; Alletta de V. du Plessis, Maitland; Magdelena v. d. Merwe, P.K. Boskuil. **5 Des.:** Willem P. B. Scholtz, Brandvlei; Jacobus Bruwer, Upington. **6 Des.:** Grieta Marais, Pearston; Victory H. Krisfelder, Kirkwood. **7 Des.:** Gert J. Reeder, Stellenbosch; Christina J. J. van Vuuren, Merweville; Willem du Toit, Upington; Petrus Ross, Kirkwood. **8 Des.:** Magdelena Jordaan, Sutherland.

## ONBESKAAMD?

Die Kruithoring van 24 November beskuldig ons van ,,'n onbeskaamde onwaarheid'' na aanleiding van ons ontleding van die verkiesingsuitslae. Die blad verklaar dat ons sou gesê het ,,dat die **H.N.P.** in die Vrystaat net 21 setels het teenoor 23 in die vorige Raad'', terwyl die H.N.P. slegs 16 lede in die vorige Raad gehad het.

Ons neem die blad se paniekerige aantygings nie in 'n ernstige lig op nie, maar waar hy ons van 'n onwaarheid beskuldig, moet ons toelig.

In die genoemde uitgawe, 10 November, het ons dit nie oor die H.N.P. se agteruitgang nie, maar oor die NASIONAALGESINDE AFRIKANERDOM. So lui die gewraakte paragraaf: ,,Dit is onnodig om 'n vergelyking te maak met die vorige Provinsiale Rade waarin die NASIONAALGESINDES in Kaapland by voorbeeld 27 setels gehad het, terwyl die ,,Afrikanerdom se enigste party'' hierdie keer maar 18 het, en in die Vrystaat nou 21 teenoor 23 in die vorige Raad. Die vergelyking hoe die AFRIKANERDOM by die stembus met rasse skrede agteruitgaan, kan beter getref word met die parlementêre verkiesing van drie maande gelede.''

Dit staan 'n klompie politici vry om hulself as die hele ,,Afrikanerdom'' te beskou, maar dan moet hulle nie ander wat 'n breër uitkyk het, van onbeskaamdheid beskuldig as hulle met ,,Afrikanerdom'' nie daardie klompie politici bedoel nie.


Foon 62 Posbus 53

## HEILBRON

**O**M te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

**B**ETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

## Die MODERNEWINKEL



## G. A. FICHARDT, Beperk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN



## MARKAGENTSKAP
## Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.



## Schoemanello Drank . . .
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEUR-BRANDEWYN:** | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.


Ondersteun ons Blad





Opgerig kragtens Maatskappywet No. 46 van 1926.

## TE KOOP

VAN RIEBEECK-TRUSTMAATSKAPPY BEPERK bied aan:

Die BESTE PRODUSERENDE PLASE met waardevolle verbeterings, in die omgewing BELLVILLE — MALMESBURY — DIE PAARL — SOMERSET-WES — STELLENBOSCH — DIE STRAND — TULBAGH — VILLIERSDORP — WELLINGTON en hele KAAPLAND.

DIE BESTE KOPIES WORD DEUR ONS GEREEL.

WOONHUISE in Kaapstad, Voorstede en omliggende dorpe teen die BILLIKSTE PRYSE.

Om verdere besonderhede doen aansoek by:

## Van Riebeeck-Trustmaatskappy Beperk

SECURITY-GEBOU, Bus 1527, Foon 3-0764, KAAPSTAD; of sy Takkantore, Voortrekkerweg, Bus 48, Foon 9-7222, BELLVILLE; en Michaustraat 11, Bus 56, Foon 178, DIE STRAND.

DIE O.B., WOENSDAG, 1 DES. 1943.

## WIE?

Sou die huidige oorlog geveg word oor 'n naam of oor 'n beginsel? As gelet word op die verklarings en uitlatings wat van dag tot dag in die pers deur staatsmanne gemaak word, begin dit lyk of ons te doen het met 'n wêreld-worsteling oor niks anders as die samestelling van 'n paar letters nie. By die aanvang van die stryd is verklaar dat die demokrasie, die waarborg vir persoonlike vryheid, bedreig word. In die loop van die oorlog is die aandag egter meer en meer bepaal by die maatskaplike wantoestande wat daar in die kapitalistiese lande sedert dag en jaar bestaan. Ons het skielik verneem van uitgewerkte planne vir maatskaplike beveiliging wat 'n menswaardige bestaan vir elkeen moes verseker. As 'n hartversterking vir die deur die geldmag bloedgelate volkere het die kapitaliste heeltemal genoeë geneem met so 'n „plan".

By hartversterkings het dit egter nie gebly nie. 'n Sosiale omwenteling is aan die gang en meedoënloos sleur dit gevestigde idees na hul vernietiging. Hoe woester die oorlog word wat aanvanklik teen hierdie revolusie aangebind is, hoe groter word die moontlikhede van vernietiging van die huidige geld-demokrasie en dus hoe beter die kanse vir die revolusie. Reeds bemerk ons die kolossale ineenstorting van die ou idees. **Waar die kapitalisme 'n tydjie gelede al bereid was om 'n dividend te betaal op sy uitbuiting aan die uitgebuites by wyse van 'n hartversterking, daar bemerk ons nou die gewilligheid aan die kant van die demokrasie om 'n bietjie van sy vryheid prys te gee, ja selfs heelwat daarvan.** Hoewel ongetwyfeld deur die imperialisme bevrug, het ons Ministers van Ekonomiese Ontwikkeling 'n tyd gelede beklemtoon dat die nywerheidslewe van die volkere ná die oorlog beheer sal moet word deur 'n internasionale gesag. Dit sou dan een van die oogmerke van die Atlantiese Handves wees ten behoewe van 'n beter verdeling van produksie. In Nywerheidskringe is daarteen geskop, **maar min. Waterson het geantwoord dat dit „die laaste kans van die kapitalisme is om homself te handhaaf". Die kapitalisme is dus heeltemal bereid om nie alleen 'n dividend uit eie sak te betaal vir sy uitbuiting nie, maar ook om die hand diep in die sak van demokratiese vryheid te steek.**

**WIL NOU OOK**

Nou lees ons van 'n boek wat geskryf is deur een van die lede van die Nederlandse vlug-regering in Londen waarin hy pleit vir „demokratiese sosialisme" teenoor nasionaal-sosialisme. **Hy verklaar dat daar 'n algemene gevoel bestaan ten gunste van 'n beheerde of gereguleerde ekonomie ná die warboel wat geskep is deur die liberalistiese gedagte van laat maar loop.** Hierdie beheerde ekonomie moet egter nog die vryheid van die enkeling respekteer. 'n Strenger beheer oor die openbare lewe beskou hy as 'n voldonge feit vir na die oorlog. Dit kom dus blykbaar net daarop neer of so 'n beheer genoem sal word 'n **demokratiese** sosialisme of 'n **nasionale** sosialisme.

'n Mens stel dus die vraag: word die oorlog gevoer terwille van die behoud van 'n naam of van 'n beginsel? **Die vryheid van die enkeling word mos in elk geval ingekort, al word dit nog „gerespekteer"** deur die „demokratiese" sosialisme.

**DIE „MAAR"**

Verre daarvandaan! Die stryd gaan nie oor 'n naam nie. **Die kapitalisme wat die volksmassas geplunder het totdat hulle nou dreig om te beswyk of te rebelleer, staar sy ondergang in die aangesig. Om dit te verhoed, het hy 'n oorlog laat ontbrand. Dit het sy ondergang slegs in hoofletters gespel. Nou het hy nog één kans om homself van vernietiging te red — sy „laaste kans", soos min. Waterson dit stel. HY MOET DIE „VRYHEID VAN DIE ENKELING" OPOFFER VIR SY SELFBEHOUD, hy moet die hoofbeginsel van sy staatsidee vaarwel sê terwille van sy voortbestaan, hy moet dieselfde doen as die nasionale sosialisme wat die waaragtige kampvegter van die onderdrukte massas is, MAAR — EN DIT IS HOOFSAAK — HY MOET SORG DAT HYSELF DIE BEHEER HET OOR DIE „VRYHEID VAN DIE ENKELING".**

Die vryheid van die enkeling kan prysgegee word, staatsbeheer kan ingestel word en „sosiale geregtigheid" kan geskied, **maar dan onder bestuur van die kapitalisme terwille van die kapitalisme.**

Hierteenoor staan die sosiale gedagte van die Ossewabrandwag wat nasionaal is. Hy het ontstaan terwille van die vertrapte mens wat God vry geskape het om oor die aarde te heers, dit te bewerk en van die vrugte daarvan te geniet, maar wat deur die kapitalisme onder die dekmantel van demokratiese vryheid in die grootste liggaamlike en geestelike slawerny van alle tye gedompel is. **Hierdie waaragtige strewe van 'n uit verdrukking gebore beweging word nou deur die onderdrukkers nage-aap ten einde hul eie ondergang te verhoed. Wie sal egter die beste weet hoe om die „persoonlike vryheid" in te kort, die beweging wat uit die nood gebore is vir die verdruktes of die skeppers van die nood wie se hervormingsoorwegings gerig is op hul eie selfbehoud? Wie kan die beste sosiale geregtigheid teweegbring, die beweging wat daarvoor moes ly en offer, of die een wat daardie omwenteling met 'n oorlog probeer weerstaan het en nou maar die ander na-aap omdat hy sien hy gaan die oorlog en die vrede verloor?**

Demokratiese sosialisme kan nie bestaan nie, want as dit nie nasionale sosialisme wil wees nie, moet dit internasionale sosialisme wees en dit is die kommunisme. Die keuse van die toekoms bly dus onverbiddelik: nasionale sosialisme, d.i. Ossewabrandwag, of internasionale sosialisme, d.i. kommunisme.

# Arbeidende Klasse Moet Hul Heil By Georganiseerde Volk Soek

## Een Magtige Wapen vir Alle Onderdruktes

**Die stryd van die Ossewabrandwag is teen die euwels en onreg wat deur die kapitalistiese stelsel gepleeg is aan die swakkeres — 'n stryd wat vandag dwarsdeur die wêreld gevoer word, het genl. J. A. Smith, Adjunk-Kommandant-generaal, op 'n vergadering in Observatory gesê toe hy die noodsaaklikheid beklemtoon het vir die arbeidende klasse om hul geledere binne die georganiseerde volk te sluit om sodoende 'n magtige masjien te skep wat groter en sterker sal wees as die beperkte vakbonde wat alleen moet stry.**

Genl. Smith het aangetoon wat die Ossewabrandwag in sy kort bestaan reeds vir die Afrikanervolk gedoen het. Alle magte en geweld van alle kante, sowel binne as buite Suid-Afrika is teen die Ossewabrandwag geslinger. Hierdie uitdaging het die Beweging aanvaar en die stryd aangebind as die mondstuk van die Afrikanerdom en die nuwe sosiale gedagte. Hy is nie vernietig nie en het onverwinlik bly staan. Al die magte het hulle te pletter geloop teen die Ossewabrandwag as organisasie en as idee.

**Deur sy optrede en stryd het die Ossewabrandwag internasionale erkenning verkry as die rigtinggewende orgaan van die Afrikanerdom. Die Ossewabrandwag het dan ook in hierdie vier jaar elke jaar groter krag geopenbaar. So het hy in 1943 tweemaal soveel as in 1942, en in 1942 tweemaal soveel as in 1941 vir sy strydfonds ingesamel.**

Die Ossewabrandwag het hierdie nuwe gedagte in die wêreld van 'n ekonomiese en maatskaplike omwenteling in Suid-Afrika geplant en bestendig. Selfs sy grootste vyande is vandag, in 'n poging om hul volgelinge te behou, verplig om ook te beduie dat hulle hierdie ekonomiese, maatskaplike en staatkundige hervorminge wil nastrewe. Wat hierdie omwentelingsidee, naamlik daardie Christelike idee van „ek is my broer se wagter" binne nasionale verband, betref, staan die Ossewabrandwag in akkoord met die nasionale en sosialistiese idee wat vandag die grondslag van die stryd in Europa vorm. **Hierdie gedagte is vandag die enigste in die teenswoordige wêreldrigting wat inderdaad gegrond is op die groot waarheid en geregtigheid van die Christelike leer, en moet as sodanig, ongeag die uitslag van die oorlog of tydelike onderdrukkingsmaatreëls, seëvier.**

**ALMAL SAAM**

Die grootstryd wat dwarsdeur die wêreld en ook in Suid-Afrika gevoer word, is dié tussen die gewetenlose en onchristelike geldmag aan die een kant en die sosiale idee van hoederskap aan die ander kant. Die euwels en onreg wat gepleeg is en nog word teenoor die swakkere en minderbevoorregte word al duideliker, en in die naaste toekoms — na die vrede — sal die ellende onder die kapitalistiese stelsel des te sterker en venyniger word. Verskynsels hiervan is reeds merkbaar, b.v. werkloosheid wat al groter gaan word, besnoeiing van lone en arbeidsklagtes. So is daar by voorbeeld die neiging onder die verdruktes en slagoffers van die sogenaamde demokrasie met sy kapitalistiese stelsel om te soek na hulp en middels vir versekering van hul maatskaplike bestaan. **Nòg in die demokratiese partymasjinerie nòg in die kommunistiese beloftes nòg in die vakunies wat as sodanig afgeskei van die georganiseerde volk staan, lê die heil van hulle wat in hierdie warboel van ekonomiese ondergang gedompel gaan word. Die Ossewabrandwag as volksbeweging wat die hele volk saamsnoer tot een magtige masjien, sal dan die enigste doeltreffende en deurslaggewende wapen wees vir die behoud van almal. Daarom moet die arbeidende klasse hul hulp by die georganiseerde volk soek wat die enigste onoorwinlike mag sal wees.**

Daarom sê ons dat die Ossewabrandwag wat tans nog maar die kern is, deur omstandighede sowel as daardie posisie wat hy reeds in die stryd ingeneem het, die enigste oorblywende wapen vir die toekoms sal wees en dat daar nog groter hoogtes, groter oorwinnings, groter en hoër ideale deur die Ossewabrandwag na hierdie oorlog vir die volk bereik sal word.

(Vervolg van volgende kolom)

**veral put uit ons eie Protestants-Christelike lewensbeskouing, moet ons die innerlike weerstandskrag van ons volk, wat nie van getalle afhanklik is nie, verhoog, moet ons verantwoordelike leierskap aankweek en moet onbaatsugtig arbei in diens van die gemeenskap.** Nasionalisme alleen is nie genoeg om die stryd in belang van ons vryheid en eenheid te beslis nie. Alleen 'n nasionalisme wat tegelyk sosiaal van aard is, kan die grond vir ons oorwinning vorm.

Die skepping van 'n nasionale en sosiale gemeenskap moet gerig word op 'n waagdaad ter verwesenliking van ons vryheid. Dit bring mee dat ons volk in beweging op die weg van sy bestemming gebring moet word. As ons volk in die onderlinge twistoestand van 'n partypolitieke „debating society" gehou word, sal ons nooit nader aan ons vryheid kom nie. Ons volk het nie ontstaan as gevolg van 'n meerderheidsbesluit geneem op een of ander demokratiese stigtingsvergadering nie maar is deur God self met 'n eie roeping in aansyn geroep. Vir ons volk is die hoogste Goddelike wet dat ons as volk moet voortbestaan om Sy wil te doen. As mensgemaakte wette of regulasies van watter wêreld mag ook al met hierdie Goddelike wet bots, dan gehoorsaam ons die Hoëre Wet. Dit het meermale in ons geskiedenis gebeur. **Daarom is ons nie die kinders van demokratiese protes, soos die partypolitici leer nie, maar kinders van die verset in gehoorsaamheid aan die Wet van God. Dit is die siel en gees van die O.B.**

## O.B. BEREI VOOR VIR NADERENDE BOTSING

### Vergaderings in Gebied C

Vergesel van genl. H. A. J. du Toit het dr. P. J. Meyer, Voorligtingshoof van die O.B., van 5 tot 9 November vergaderings op Lindley, Paul Roux, Senekal, Rosendal, Ficksburg, Fouriesburg en Clarens toegespreek. Hoewel geweldige reëns die paaie byna onbegaanbaar gemaak het, was die opkomste op al die plekke goed. Waar dit onmoontlik was om die vergaderplek per motor te bereik, het die boere met perdekar of perde deurgedruk.

Die offisiere van die generaalskap het deurgaans bewys gelewer dat gedissiplineerde optrede nie 'n ydele propagandakreet is nie. 'n Gees van vasberadenheid, doelbewustheid, offervaardigheid en getroue kameraadskap kenmerk die optrede van hierdie generaalskap.

Dr. Meyer het 'n beroep op die Brandwagte gedoen om by te dra tot die Vryheidsofferfonds sodat met die uitbouingswerk van die Beweging voortgegaan kan word. **Die gevolg was dat op slegs vier plekke in kontantbedrae meer as £300 byeengebring is.**

In sy toesprake het dr. Meyer veral die noodsaaklikheid van die O.B. in die komende botsing tussen die kommunisme en die nasionale sosialisme behandel. Hy het daarop gewys dat die imperialisme en kapitalisme in die huidige wêreldstryd reeds vernietig is en nog net finaal van die toneel weggeveeg moet word.

Die taak van die O.B. is om hom voor te berei vir die groot beslissing tussen die nasionale en internasionale vorms van die sosialisme. As laasgenoemde (die kommunisme) die oorhand moet kry, sal dit alleen oor die lyke van al die Brandwagte geskied. **As die nasionale sosialisme die karakter van die volgende eeue gaan bepaal — en daaraan twyfel ons nie —, is die O.B. die enigste liggaam wat dit in ons land kan vestig.**

**Om ons voor te berei vir die naderende beslissing, — aan hierdie stryd neem ons elke dag deel, — moet ons**

(Vervolg op voorgaande kolom)

## UIT DIE KRUITHORING

Die volgende brokkies uit Die Kruithoring van 24 November getuig van die vrede wat daar heers:

„Angeltjies: Wie het die meeste kennis van militêre sake — die swakste Italiaanse generaal, die swakste Britse generaal of u eie plaaslike ‚generaal'? (bls. 3)

**„Die O.B. is sonder twyfel die grootste ramp wat nog die Afrikanerdom getref het."** (bls. 5)

„Is dit ook die rede waarom die O.B. nou, in wedywering met daardie beweging, die Voortrekkers, ook hul eie Boerejeugorganisasie **met Boerebaba No. 1, Prof. Dirk van Rooy,** aan die hoof, in die lewe geroep het?" (bls. 5)

Die blad staan onder direksie van dr. D. F. Malan en adv. F. C. Erasmus. Dr. K. Bremer het 'n tyd gelede bedank uit protes teen die blad se aanvalle op die Ossewabrandwag.

## Kersgroete:

*Beperkte Ruimte sal in die Uitgawe van 15 Desember 1943 afgestaan word vir Kersgroete.*

*Bewoording tesame met die nodige geld moet Voorslag nie later dan 13 Desember bereik nie.*

*TARIEF: 3 pennies per woord. Minimum 6/- per plasing.*

*Geen advertensies sal geplaas word indien die geld nie ingesluit is nie.*

# Sterf die Blankes Uit?

## Onrusbarende Posisie As Gevolg van Geboortebeperking

I.

„Sterf die Blankes uit?" So lui die titel van 'n boek wat dr. Burgdörfer, direkteur van die departement van statistieke in Duitsland in 1934 geskrywe het. Sedertdien is daar in verskillende lande alarm geblaas oor 'n groot gevaar wat die blankes bedreig; 'n gevaar waarvan meeste mense nie bewus is nie, **nl. dat die banke volke die weg van die ou Griekse en Romeinse ryke sal volg en tengevolge van geboortebeperking sy ondergang sal vind.**

Sir W. Beveridge het b.v. gesê: „In 1960 sal ons in 'n paniek wees oor die bevolking van hierdie land (Engeland)." Die grootste vraagstuk van die toekoms sal volgens hom die bevolkingsvraagstuk wees. Veral in ons tyd word die noodklok telkens deur vooraanstaande staatsmanne en ekonome gelui. Die toestand het inderdaad uiters krities geword.

**In die laaste sestig jaar, sedert ±1880, het die geboortesyfers in die blanke lande geleidelik gedaal, sodat dit in baie gevalle met die helfte en selfs meer as die helfte verminder het.**

Ons gee die statistieke van 'n paar lande om as voorbeeld te dien

Geboortesyfer per 1,000 inwoners.

| Land. | 1881-85. | 1933-36. |
|---|---|---|
| Oostenryk | 32.9 | 13.5 |
| Engeland en Walles | 33.5 | 14.7 |
| Frankryk | 25.0 | 15.7 |
| Denemarke | 32.7 | 17.6 |
| Duitsland | 36.8 | 17.7 |
| Italië | 38.0 | 23.3 |
| Suid-Afrika | (1910) 32.52, | (1939) 25.29 |

Die geboortesyfers gee ons egter nie eers 'n duidelike denkbeeld van hoe bedenklik die toestand werklik is nie.

Ten spyte van die daling in die geboortesyfer het die getalle van die volke tog gegroei. **Dit moet verklaar word uit die feit dat weens die verbeterde gesondheidstoestande, die sterftesyfer nog vinniger gedaal het as die geboortesyfer.** Ten spyte van wat die mediese wetenskap doen, kan dit egter nie verhinder dat die sterftesyfer in die toekoms sterk gaan styg nie.

### BAIE OUES VAN DAE

As ons kyk na die ouderdom-samestelling van die blanke volke, sal ons daarin die gevolge van geboortebeperking sien. Dit blyk nl. dat daar naas 'n groot persentasie ou mense, 'n baie ongesonde persentasie kinders is. Vergelyk b.v. die posisie van Engeland in 1914 en in 1939.

In 1914 het Engeland 'n bevolking van ±36½ miljoen mense gehad. In 1939 het die getal op ± 41 miljoen gestaan. 'n Vermeerdering dus van 4½ miljoen. **Nietemin was daar in 1939 2 miljoen minder kinders onder 14 jaar as wat daar in 1914 was. En terselfdertyd was daar 2½ miljoen meer ou mense bo 60 jaar in 1939 as wat daar in 1914 was.**

Met verloop van tyd sal die groot persentasie ou mense afsterwe; wat 'n styging in die sterftesyfer sal beteken, en dan is daar nie genoeg kinders om hulle plekke op te vul nie. Volgens berekening sou Engeland in 1943 sy hoogste syfer bereik het, waarna die daling in steeds sneller tempo sal plaasvind.

Die groot vraag waarom dit gaan is, of 'n geslag genoeg kinders voortbring om homself te vervang — m.a.w. of 'n volk homsel' voortplant.

Deur wetenskaplikes is 'n metode uitgevind om die voortplantingsyfers van 'n volk te bereken. Uit hierdie berekening blyk dat die meeste blanke volke vandag nie meer genoeg kinders voortbring om hul getalle op die huidige peil te hou nie.

Ons laat 'n paar syfers volg:

| Land. | Voortplantingsyfer. |
|---|---|
| Oostenryk | .64 (in 1933) |
| Engeland en Wallis | .76 (in 1937) |
| Frankryk | .87 (in 1937) |
| Duitsland | .93 (in 1938) |
| Denemarke | .92 (in 1939) |
| Suid-Afrika | 1.2 |

Dit beteken: In Oostenryk het 'n 100 moeders slegs 64 meisies (potensiële moeders) voortgebring om die volgende geslag voort te plant. **Dit is dus duidelik dat so 'n volk vinnig aan die agteruitgang is.**

Daar is in Engeland verskillende berekenings van die toekomstige bevolkingsgetalle gedoen. Een berekening, dié van dr. E. Charles, het veral 'n opskudding verwek. **Sy het aangetoon dat as daar geen radikale omswaai kom nie, die Engelse volk in die jaar 2035 slegs 'n bevolking van ± 4½ miljoen sal hê, waarvan meer as die helfte oor die 60 jaar is.** Hierdie syfers lyk op die oog belaglik, maar sedertdien het etlike persone wat haar gekritiseer het, toegegee dat daar 'n baie groot moontlikheid bestaan dat haar berekening sal uitkom.

Een persoon het selfs met alle erns daarop gewys dat ten gevolge van die oorlog, dr. Charles se berekening vir die naaste toekoms, altans, selfs optimisties hoog mag blyk te wees.

Dit is bewerings en berekeninge wat gedoen is deur wetenskaplikes, en nie die hersingskimme van mense wat nie weet waarvan hulle praat nie.

Geen wonder dat daar 'n groot alarm onder die ingeligte kringe in Europa is nie.

Die toekoms lyk dus bepaald donker, want hierdie proses voltrek hom onder alle blanke volke. By sommige soos by ons volk, het die proses slegs later begin.

### OORLOG

Wat veral rede tot pessimisme gee, is die feit dat die groot wêreldoorlog uitgebreek het, en dat veral die blankes daaronder ly. Dit is een van die grootste rampe wat ons kan tref, en die ontsettende gevolge sal die volgende geslag eers voel. Die slagoffers van 'n oorlog is meestal die jong, lewenskragtige persone op wie die taak rus om die volk voort te plant. Die geboortesyfer sal as gevolg hiervan in die toekoms baie daal. Maar daar is nog die sg. ongebore slagoffers van die oorlog. D.w.s. weens die onsekere toestande word daar in verhouding baie minder kinders gebore as in normale toestande. In Duitsland b.v. is daar gedurende die vorige Wêreldoorlog ± 2 miljoen minder kinders gebore as wat verwag kon word as dit normale tye was. Indien hierdie oorlog nog gevolg moet word deur 'n ekonomiese ontwrigting, sal dit, soos die ervaring in die verlede geleer het, die geboortesyfer nog verder afdruk.

Die posisie sal verder versleg word deur die styging in die sterftesyfer as gevolg van die swak gesondheidstoestand wat die volk erf uit hierdie oorlog. ('n Toename in siektes soos tering ens., word deur die dokters in vooruitsig gestel, as gevolg van ondervoeding).

Sir W. Beveridge se woorde dat hulle (en ook alle blankes) teen 1960 in 'n paniek sal wees oor die bevolking, het alle kans op 'n verskriklike vervulling.

**Wat veral die posisie donker maak, is die feit dat die vermindering in getalle by die blankes gesien moet word by die groot groeiproses en vermeerdering in getalle wat by die gekleurde volkere plaasvind.**

In 1933 is die bevolking van die wêreld geskat op oor die 2,000 miljoen. Hiervan is (Rusland uitgesluit) 'n bietjie oor die 500 miljoen — dus net 'n kwart — blankes.

Onder hierdie Asiate en gekleurdes is die geboortesyfer en die algemeen baie hoog.

In 1939 b.v. was die geboortesyfer by die kleurling in S.A. meer as 46 per 1,000. Egipte .44, Japan .34 (1935). Die syfers van Sjina, Indië en ander Asiatiese volke, as ook dié van die naturelle, is weens gebrek aan gegewens nie beskikbaar nie, maar is na alle waarskynlikheid net so hoog, indien nie hoër nie.

Die voortplantingsyfers van Japan was in 1935 1.4—1.6 of 100 moeders van vandag bring van 140—160 moeders vir die volgende geslag voort.

Dié van Rusland is nog hoër. Waar die getalle van die blankes in steeds sneller wordende tempo sal afneem in die toekoms, is die gekleurde volke nog steeds besig om te groei.

**Volgens berekening sal Rusland as dit sy voortplantingsyfer van net voor die oorlog kon handaaf, teen die end van die eeu 'n bevolking van ± 300 miljoen mense hê; 'n syfer wat hoër sal wees as dié wat die res van die Europese volke teen daardie tyd sal hê.**

Die Ooste is oor die algemeen dig bewoond. Daardie volke roep almal om meer lewensruimte. Dit is een van die redes van Japan se stryd vandag. In die toekoms sal die nood nog hoër wees. Die Oosterlinge het reeds vandag die moderne wapens, wat goed vergelyk met dié van die blankes.

Dit is te vrese dat die oorlog van Japan wat vandag aan die gang is, een van die reeks van groot botsings tussen die Ooste en Weste sal wees. Maar in die toekomstige botsings sal die Asiate met hul onuitputlike bronne van mense-materiaal te staan kom teenoor die blanke volke, wie se getalle gedurig deur aan die afneem is. Hoelank sal die blankes kan standhou teen die getalle-oorwig?

### SUID-AFRIKA

In ons eie land is die posisie nie baie rooskleuriger nie. Die verhouding tussen getalle van die naturelle en gekleurdes aan die een kant en die handjievol blankes aan die ander kant is al juis baie ongunstig vir ons. In die toekoms mag dit selfs nog ongunstiger word.

**As ons blankes in Suid-Afrika dieselfde koers inslaan wat die res van die Europese volke ingeslaan het (en ons is reeds 'n hele end op die pad), dan kan die posisie teen die einde van die eeu sodanig wees, dat ons kinders deur die getalle-oormag van die naturelle alleen, gedwing sal word om die land van hul vaders te verlaat of in die see van Bantoes op te smelt.** Die posisie word veral gevaarlik, as ons onthou dat deur die kommunistiese invloede die verhouding tussen blank en gekleurd versleg het.

Ons hoef ook nie te reken dat ons

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

ons getalle deur immigrasie kan vermeerder nie, want immigrante is jong mense, in die krag van hul lewe; mense wat nog kan voortplant. En dit is juis hierdie klas persoon wat die volke van Europa ten alle koste in hul eie land sal wil behou.

Die voortbestaan van die blanke volke staan op die spel. Na alle waarskynlikheid sal ons blankes se voortbestaan nog in hierdie eeu vir die finale beslissing op die weegskaal gewerp word. Dit geld ook vir ons blankes in Suid-Afrika. Die naaste toekoms sal aantoon dat 'n volk wat geboortebeperking toepas, en sy kinders nog voor hul geboorte vermoor, slegs besig is om rasseselfmoord te pleeg.

Hierdie euwel van geboortebeperking het ook by ons Boerevolk ingesluip. **Ons moet weet wat ons doen. Dit is hoog tyd dat ons volk se oë geopen word vir die konsekwensies van sy daad. Dit is vir ons nog nie te laat nie. Maar dit kan gou te laat word.** Daarom moet ons nou hierdie saak bestudeer, en nagaan waar die oorsake van hierdie euwel lê, en hoe ons dit uit die weg kan ruim.

Hieroor volgende keer meer.

## Byna Helfte Ly Honger

**Meer as 40 persent van ons blanke bevolking in die Unie beskik nie oor die nodige middels om in al die lewensbehoeftes van hul liggame te voorsien nie,** het dr. J. M. Latsky, Voedingsbeampte van die Departement van Volksgesondheid, onlangs in 'n radiopraatjie verklaar. Hiermee bedoel die beampte dat meer as twee-vyfdes van ons blanke bevolking hongerly. „Ons vertrou dat wanneer die oorlog verby is, dit nie langer nodig sal wees om ondervoede kinders skool toe te stuur nie," het hy bygevoeg.

**Hierdie selfde hoop is tydens die vorige oorlog ook uitgespreek, maar 'n paar jaar voor die uitbreek van die huidige oorlog was een-kwart van Amerika en een-vyfde van Engeland se bevolking werkloos en dus hongerlydend.**

ALGEMENE HANDELAAR
en
PRODUKTE KOPER
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

MARKAGENTE
DIE BESTE BEHANDELING
ONMIDDELLIKE AFREKENING
ons merk
P & R
PIKE en RÖCHER
Eienaar: Johann Röscher
v. d. Waltstraat 268
PRETORIA.

£100,000 in aandele is sedert Maart laaslede deur die lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.
U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*
Organisasiekantore:— Johannesburg: Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. Kaapstad: Kamer 614, Groote Kerkgebou. Bloemfontein: St. Andrewstraat 123. Port Elizabeth: Kamer 617, Colonial Mutualgebou.
EXCELSIOR MEUBELS BPK.
* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.
Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—
M.........................................
...........................................
(O.B., 24 Nov. 43)...................
Ons sukses is u voorspoed

# Geklassifiseerde Advertensies

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar).

**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

## GEBOORTE

**DE VRIES.** — Aan mnr. en mev. A. H. de Vries, Warmwatersberg, Barrydale, 'n seun op 16 November in die hospitaal Ladismith, K.P. Albei wel.

**DE WET.** — Aan dr. en mev. I. S. de Wet 'n fris Boerenooientjie op 13 September in Standerton hospitaal. Naas die Heer, dank aan dokter en hospitaalpersoneel en 'n saluut vir die K.G.

**KANNEMEYER.** — Aan mnr. en mev. H. W. Kannemeijer 'n welgeskape Boeredogter op 16 November. Ons dank ons Skepper en salueer die Kommandant-Generaal.

**OPPERMAN.** — Aan Komdt. en mev. Dirk Opperman van Springfontein, 'n Fris O.B.-dogter op 4 November. Naas die Goeie Gewer dank aan dokter en verpleegster.

**RICHTER.** — Aan mnr. en mev. Fanie Richter, Oudedrift, Bethanystasie, O.V.S., 'n welgeskape seuntjie op 15 November. Naas die Goeie Gewer ons innige dank aan dokter en verpleegster asook aan al ons familie en vriende vir al hul bewyse van liefde.

**VAN ZYL.** — Aan sersant en sersante J. J. F. van Zyl, van Nietgedacht, Muldersdriftkommando, 'n fris O.B.-seun op 7 September 1943.

**WIID.** — Aan mnr. en mev. Siebert Wiid, Hopefield, 'n welgeskape seun op 23 Augustus 1943. Loof die Heer. Ingestuur deur sy Ouma, Mev. J. Venter.

## VERLOWING

**HUMAN — VAN DER WATT:** Hiermee maak ons bekend aan vriende en vriendinne dat mej. Alida Human, Jobatha, Reitz, en mnr. Hennie v. d. Watt, Rondedraai, Warden, op 28 Augustus verloof is.

**IMMELMAN — STEYN.** — Hiermee word aan O.B.-vriende(inne) bekend gemaak dat Komdt. Immelman en brandwag Betsie Steyn, albei van Lichtenburg, verloof is.

**RADLOFF — VAN RYSWYK:** Hiermee maak ons, Stienie van Ryswyk van die O.B.-Organisasiehoofkwartier Kaapstad, en Leon Radloff van die Goeie Hoop (Koöp.) Handelshuis Bpk., Bellville, bekend dat ons op 27 November verloof geraak het.

## DOODBERIG

**VAN STADEN.** — Oom Jan van Staden, van Randjiesfontein, Muldersdriftkommando, is ons ontneem op ouderdom 75 jaar. Ons innige simpatie met die familie.

## IN MEMORIAM

**LE ROUX.** — Met hartverskeurende verlange dink ons aan 28 November, toe ons teerbeminde eggenote en moeder, haar eerste verjaardag in die hemel gevier het. God bly met jou tot ons jou weersien.. Die verlangende eggenoot en kinders. Schalk, Op-de-Tradouw.

## GROETE

Mnr. en mev. Joseph Fourie, Boskop, P.K. Losdoorns, groet die Brandwagte van die Marquard Kommando en sê baie dankie vir hartlike samewerking.

## BENODIG

ERVARE boekhouer benodig stelle boeke om in spaartyd op te skryf. Billike fooie. Skrywe aan **D/M., P/a. Die O.B., Bus 1411, Kaapstad.**

KINDERS en groot mense vir vakansie op pragtige plaas. Skrywe aan: **Tuiste, P/a. Posbus 1411, Kaapstad.**

TIEN sakke Kaal hawer. Kwotasie aan: **Genl. E. B. Cadle, Twyfelfontein, P.K. Mooirivier, Natal.**

## TE KOOP GEVRA

(1) 'n .22 geweertjie; meld prys asook besonderhede i.v.m. toestand.
(2) Lewendige Springbokke; meld prys en hoeveelheid. **Mnr. B. Strauss, Vredelus, Upington.**

## BETREKKINGS

ONDERWYSERES vir twee kinders klas II en Std. II. Aanvang eerste kwartaal 1944. Goewermentsilabus. Moet O.B. goedgesind wees. Aansoek: **Danie Bosboff, Joubertsvlei, P.K. Mooirivier, Natal.**

TWEE openinge vanaf 1 Januarie 1944: (1) Bekwame blanke huishoudster wat goed kan kook. (2) 'n Jong dogter as moedershulp. Gerieflike huis en uitstekende salaris. Skryf aan mev. **Van Zyl, Tulley-Allen-weg, Rondebosch.**

## TE KOOP

BESTE Kwaliteit bossie-tee; 80 pond 18/-, 45 pond 10/-, 20 pond 5/-, 10 pond 3/6. Vars aartappels 13/-, gelewer Bushalte Speelmanskraal. K.M.B. **Burger Jonck, Kliprivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wageer, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

GEWORTELDE plantjies van my nuwe soort patat „WENNER" — die wit patat van die toekoms, 5/- per 100, kontant met bestelling. **G. H. Schreve, Uniondale.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.**

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-Beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: **J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.**

STERK, gewortelde angelierplantjies: Regina — Ligpink; Rex — Helderpink; Pionier — Roospink; Salm Regina; Idaho Beauty — lig pers; 3/6 per dosyn, (nie minder dan ses van een soort); 15/- 100; £6 1,000. Lorraine — ligpink, met roospink stippels 21/- dosyn. Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid — wit met rooi strepies 5/- dosyn; 25/- 100; Duke of York — Salm met rooi strepies 25/- dosyn; Charmaine — baie ligte roomkleur met roos pink merkies 30/- dosyn. K.M.B. Posvry Unie. **Thos Dunn, Bus 51, Tzaneen.**

WANGANELLA RAMME. — Opreggeteelde Wanganella Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944, teen billike pryse. Groot karkasse en hoë kwaliteit wol die kenmerke. Bestel vroegtydig ten einde teleurstelling te voorkom. **F. S. Olivier, P.S. Oude Land, Dist. Graaff-Reinet.**

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE, Posbus 660, — Johannesburg.**

Ons voorrade van Vrugtebome en Rose was vroeg uitgeput die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons klante wie se benodighede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u geliefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!

Sierstruike, Uitlandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting.

Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (1)

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.**

## KENNISGEWING

**Polis No. 234682 vir £1,000 op die lewe van CORNELIUS BRINK LIEBENBERG.**

Daar die oorspronklike polis verlore geraak het word hiermee kennis gegee dat 'n gesertifiseerde afskrif daarvan kragtens Wet No. 37 van 1923 uitgereik sal word tensy die oorspronklike polis by hierdie kantoor ingelewer word binne drie maande vanaf hierdie datum.

M. S. LOUW,
Mede-Hoofbestuurder en Aktuaris.

Waalstraat 28,
Kaapstad.
24 Sept. 1943.

## *TOT U DIENS!!*

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

**ONS BIED U MEUBELS**

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

**Stinkhout-meubels**

'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse

**MEYER en FERREIRA**

**Laer Hoofweg 287**

**OBSERVATORY**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

# NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:**

**(25 SEPT. TOT 25 OKT.)**

### GEBIED A

Kom. A: 2b2 £3-15-0; 1c6 £4-10-2; 12a8 £5-14-6; Vriend Kaapstad £2; 4a6 £25; Weeklikse bydrae Veldskoenkring £1-12-9; Maandelikse bydrae vriend Bellville 10/-; 2 £8; 8a8 £13-11-7; 4a8 £1-13-0; Paarl Manne-Kom. £2-10-0; Maandelikse bydrae mnr. Spies, Worcester 10/-; Weeklikse bydrae Veldskoenkring £1-7-10; 16a6 £1-15-6; Karoobossies Kaapstad £2-6-0; Arbeidsdiens Kaapstad £3-17-10; 2a8 £3-8-0; Weeklikse bydrae Veldskoenkring £1-5-0; Remskoen-Toneelvereniging £17-10-4; 10c8 £5-5-6; Kollekte Heldedag 10c8 £10; 10a Straatkollekte £43-0-1; 10a lys No. 658 £9; Weeklikse bydrae Veldskoenkring £1-13-4; 3b7 £2-16-0; 3b2 £1-15-0; 9a6 £10-10-10; 10b1 £6-10-0; 10c2 en 10c7 £5. Totaal: £196-8-3.

### GEBIED B

Kom. B: 3c8 (Woekergeld) £2-12-0; 2c8 (Lys No. 628) £6-18-6; 1a8 £4; 1a6 £1; 1c6 £10-3-6; 6a2 en 6a7 £12-1-0; Mnr. N. v. d. Vyver (3a7) Maandelikse bydrae vir September tot Desember £4. Totaal £40-15-0.

### GEBIED C

Kom. C: 1a2 £5-6-0; 1a7 £3; 1a8 £2-15-0; 1a9 £5-7-0; 1b1 £2; 1b7 10/-; 1b8 £3; 2a1 10/-; 2c8 £1-10-0; 3a3 £3-13-0; 3b6 £3; 3c1 £2-18-3; 3c6 £5-2-3; 4a7 £3; 4b7 17/-; 5b3 £14-10-6; 5d1 £7-18-6; 5d6 £6-4-6; 6a1 £1-12-6; 6b3 13/9; 6b6 £3-7-6; 6b8 6/-; 6d6 15/-; 7a1 £30; 7a3 en 7a8 £18; 7a7 £2-3-3; 8e7 £1; 8e8 15/-; 9a1 £3-2-6; 9a7 £1-3-6; 9b1 £4; 9c1 en 9c6 £10; 9c8 £3-2-0; 9d1 £4-16-0; 10a2 £4-17-6; 10a3 £3-5-0; 10a6 £2-7-6; 10b6 £2-8-6; 10c1 £1-11-0; H/Kokdt. A. C. S. Nel, P.K. Sperville, oor Bloemfontein £5; Mev. Nel, P.K. Sperville, oor Bloemfontein £1; Hoofkwartierstaf 19/-; Vriend 7/6. Totaal: £177-15-0.

### GEBIED E

Kom. E: 1b8 10/6; 1c3 £8-2-0; 1c6 £3-16-0; 1c7 £6-3-6; 1c8 £8; 2a1 £5-15-0; 2a2 £12-16-3; 2a3 £3-9-0; 2a7 £3-6-0; 2a8 £2-15-0; 2b1 £3-10-0; 2b2 £2-12-0; 2b3 £1-12-6; 2b6 £6-15-6; 2b8 17/6; 3a1 £17-8-8; 3a6 £2-13-0; 3b1 £1-5-0; 3b2 £1; 3b6 6/-; 3c2 £2; 3c6 £7-3-3; 3c8 £1-14-6; 4a1 £5-17-6; 4a4 £8-7-0; 4b1 £6-4-0; 4b4 £6; 4b6 £4-5-0; 4c5 £1-17-0; 4c8 £11-11-0; 5a £72-11-0; Bydrae £17-13-6; 5a2 12/-; 5a6 £1-3-9; 5a8 6/-; 5b1 £13-3-0; 5b2 £8-5-6; 5b3 £4-4-0; 5b6 £5-16-9; 5b7 £3-4-6; 5b8 £8-10-10; 5c1 £19-19-0; 5c2 £20-16-6; 5c3 £23-4-6; 5c6 £3-18-0; 5c7 £10-5-6; 6b1 £1-6-0; 6b2 £6-15-0; 6b3 £5-12-3; 6b4 £11-18-8; 6b6 £1-18-0; 6b7 £3-6-0; 6c6 £1-13-6; 7c £1-19-6; 7c6 £32-16-0; 8b7 £2-3-9; 9a6 £16-1-0; 9a7 £3; 9b3 £18-13-6; 9b6 £2-9-3; 9b8 £19-10-0; 9c6 £9-13-6; 10c7 £3-0-1. Totaal: £503-3-0.

### GEBIED F

Kom. F: 1a1 £7-16-11; 1a5 £11-10-11; 2a1 £8-10-8; 2a2 £4-3-9; 2a5 £4-3-9; 2a6 £8-10-8; 2b2 £5-7-9; 2b7 £3-11-9; 3c7 £3; 4a1 £9-5-0; 4a3 £6-17-8; 4a7 £17-7-8; 4c8 £1-19-11; 4b2 £5-8-0; 4b4 £35-16-10; 4b6 £4-18-9; 4b8 £7-6-9; 4b9 £18-14-10; 4c1 £36-19-6; 4c2 £4-16-0; 4c3 £46-1-6; 4c6 £154-6-0; Generaal Anderson £6; Vriendin £2; Driemanskap £8-15-0; „Diamond Hill" Melkery 5/-; Mnr. J. H. Scheffer 2/-; Vriend 2/-; Verjaardaggeskenk Kommandant-Generaal £30-5-0; 5a8 £27-12-9; 5c2 £8-5-0; 5c3 £38; 5c6 £9-18-6. Totaal £537-19-10.

### GEBIED D

Bydrae (25 Okt.) .. .. .. .. .. .. .. £2-14-0

### BOEREJEUG-NOODHULPFONDS

**Bydraes vanaf 1/10/43 tot 30/10/43**

A15b7 Boeredogters £3-1-6; A2a2 Boerejeug £7-10-0; A10a6 Boeredogters £2; A8a6 Boeredogters £8-15-1; Boerebaba Coetzee 1/6; D. J. van Rooy (genl.) 15/6; Sina en Louisa Stevens £4-0-6; E5b Danie Theron Boerejeug £1; Boerebaba Archie Verculel £1-15-10; B5a £3; Boerejeug-seun, Heidelberg 1/9; Boerejeug Kaapstad £6-3-6; Boerejeug Paarl £1-18-1; Boerejeugdogter (A. Keet) £1-1-0; Boerejeug Malmesbury £1-4-0. Totaal £42-8-3. Groottotaal £93-6-2.

# VAN ZYLS

**HOOFSTRAAT, PAARL.**

**MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS**

**RAADPLEEG ONS VIR TENNIS-BENODIGHEDE**

**Groot verskeidenheid Rakette in voorraad**

Herstel en Hersnaring van Rakette word onder toesig van deskundiges gedoen

OOK OP — — — PORTERVILLE

# ONS MENSE.....



**in die goeie ou dae toe die lewe nog so maklik gegaan het, soos dit nou vir ons lyk. 'n Prent van 'n gelukkige, versorgde huisgesin!**

**Vandag se portret en modes lyk anders. Ook die lewenswyse het totaal verander. Maar één ding bly nog dieselfde—die behoefte aan versorging vir die gesin. En in vandag se haastige, drukke lewe is 'n veilige middel steeds**

***'n Sanlam-polis***

SANLAM

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.**

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD